050-594-NPO

Help Seniors

Nuusbrokkie Newsflash

Ds Hannes Swanepoel,
Help Seniors se kampioen fondswerwer is weg!

Hannes, wat amper 83 jaar oud geword het, het in sy lewe dosyne gholfdae georganiseer. Sy loopbaan as organsieerder het in die tagtigerjare begin toe hy gholfdae vir die Gevangenisdiens gereël het.

Tussen 1993 en 2005 het Hannes gholfdae vir die Pretoriase Raad vir Bejaardesorg georganiseer. Vanaf 2006 tot 2010 reël hy gholfdae vir Help Seniors.

Konserwatief geskat, het Hannes meer as 50 gholfdae gereël en in die proses meer as R500 000 ingesamel.

Hy het ‘n besondere deernis en passie vir ouer persone gehad. Hy het uit sy pad gegaan om ook geld en goedere vir ouer persone in te samel. Hy het altyd tyd gemaak om ouer persone wat in nood was, te besoek en emosioneel te versterk.

Hannes sal altyd onthou word vir sy deursettingsvermoë en gewilligheid om ‘n ekstra kilometer vir sy medemens te loop. Terugslae soos ‘n ernstige motorongeluk of die verswakking van sy gesondheid, het hom nie teruggerem nie. Tot enkele dae voor sy afsterwe het hy nog opdragte uitgedeel met die reëlings van sy volgende gholfdag.

Ons harte gaan uit na sy eggenote Miemie en hulle kinders, en hoop hulle sal Hannes se dood verwerk. By Help Seniors het ons ‘n kampioen verloor.

Syd Eckley
Voorsitter